Tema: Verruil jou vyeblare vir velklere: die Here bedek ons sondeskande en gee ons ‘n menswaardige lewe.

Vooraf sang
Nuwe Sb “My enigste troos”: 1,2,3,5 (Mel Ps 100).

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 1 - 3: 1 (Mel Lied 354 Aurelia)
Votum
Seën
Lofsang Ps 34 - 1: 1,3.
Bevestiging van ouderlinge: Barend Pretorius en Pierre Volschenk
Sing Ps 20 - 1: 2,3.

Woorddiens
Gebed
Skriflesing: Genesis 2: 25 - 3: 21
Teks: Genesis 2: 25, 3:7 en 21
Woordbediening

Antwoorddiens =- nie gebed – maar sang
Sing lied oor ons sondeskande Ps 90 - 1: 4
Sing lied oor God wat ons velklere aantrek: Sb 3 - 3:1,3,6
Liefdegawes
Gebed vir BNB – Sirië
Sing Sb 18 - 1: 1,5;
Seën
Amen Sb 13 - 3.

Geliefde brs en srs

Wie van ons ken nie die diep skaamgevoel wanneer jou sondeskande geopenbaar word nie? Daar waar jy dalk voor mense ontbloot word met een of ander sonde wat jy gedoen het. Of nog erger: waar ek telkens voor God kaal moet gaan staan en my sonde erken. Hoe skaam voel 'n mens dan nie?

Of word ons nog ooit skaam? Is skaamte oor sonde nog iets wat ons beleef? Die woord "skande" word byna nooit meer gebruik nie. Niks is meer 'n skande of sonde nie! Enkele jare gelede was iets soos egskeiding, of buite-egtelike kinders of homoseksuele gedrag dinge wat deur die samelewing as skande ervaar is. Wanneer dit openbaar geword het dat 'n man of vrou ontrou in die huwelik was, was dit vir so 'n familie 'n geweldige skande en oneer.

Wanneer 'n familielid vir bedrog of een of ander misdaad gevang is en tronk toe gestuur word, dan het die familie nooit voor ander mense daaroor gepraat nie, want hulle was skaam oor die skande dat familie in die tronk sit. Alkoholisme was iets wat in families soos staatsgeheime bewaar is, want die mense mog dit nie weet nie!

Skaamte oor liggaamlike naaktheid en openbare seksuele dade is ook iets wat vinnig aan die verdwyn is. Naaktheid word amper nie meer as skande gesien of iets waaroor jy jou hoef te skaam nie. **In die oë van die wêreld het hoe kaler hoe beter geword**. Seks wat God as huweliksdaad ingestel het, is vandag algemene praktyk tussen mense wat nie getroud is nie! Dit word as die norm beskou! So skryf Paulus oor die mense van ons tyd: hulle skande is hulle trots.

En tog lees ons in Genesis 3 dat Adam en Eva – as gevolg van die sondeval - skielik bewus geword het van hulle naaktheid voor mekaar en voor God en skaam geword. Hulle probeer om hulleself met vyeblare te bedek omdat hulle skaam geword het.

Sonde, brs en srs, bring skande en skaamte. Voor die sondeval was Adam en Eva volmaakte mense en beelddraers van God. Die feit dat hulle kaal was, was deel van die perfekte mens wat God geskep het en daar was nie iets soos skaamte of skande nie. Een kommentator stel dit so: waar skaamte vandag as 'n deug of goeie ding beskou word, sou dit sonde wees indien Adam en Eva voor die sondeval skaam geword het. Na die sondeval is wat God mooi en God gemaak het, verwoes en het skande en skade deel van ons bestaan geword.

Dwarsdeur die Bybel word naaktheid as metafoor vir sonde en die gepaardgaande skande daarvan gebruik. In die Bybel word skaamte nie maar net gesien as 'n innerlike gevoel of emosie van onwaardigheid omdat ek fout gemaak het nie, maar **die effek** van my sonde of oortreding word sterk beklemtoon. Kom ek stel dit so: **sonde is skande en bring my in oneer by die mens en by God**. Luister na hierdie beskrywing van die volk Israel se sonde voor die Here in Hosea 2. Ek lees verse 1 – 4 en vers 9.

Ons kry vandag nog by die Midde-Oosterse volkere hierdie sterk beklemtoning van sonde en skande bv wanneer ‘n jong vrou met ‘n man trou en dit so duidelik word dat sy nie ‘n maagd is nie, dan kan die man of haar eie pa haar doodmaak – omdat sy skande en oneer op die huis gebring het. Dit is die gevoel wat ons ook in die Bybel kry oor die effek van sonde wat skande bring.

Hoekom verdwyn skaamte as reaksie op sonde uit ons samelewing?. Hoekom is niks meer ‘n skande nie? **Want God word uit die wêreld weggeskuif**. Ons lei dit af uit die feit dat toe Adam en Eva bewus word van hulle naaktheid as skande omdat hulle gesondig het, probeer hulle hulleself bedek met vyeblare. Nie net omdat hulle vir mekaar skaam was nie – met ander woorde: omdat hulle wedersydse verhouding nou geskaad is nie – maar veral ook omdat hulle gevrees het as God weer by hulle sou kom! Hulle was skaam vir God en daarom gaan kruip hulle weg!

Hoe verder ek van God af leef, hoe minder word sonde ‘n skande en hoe minder word skaamte ‘n reaksie op my sonde! Dit is waarom skaamte en skande uit ons samelewing verdwyn, want die mens beweeg al hoe verder weg van God! **God word nie meer as God gereken nie en sy Woord geld nie meer as norm nie!** Daarom is daar niks om oor skaam te wees nie. Alles is mos nou aanvaarbaar! Die mens kan enige doen en alles word aanvaar. Niemand stel norme en beginsels nie en omdat dit nie bestaan nie, kan niks meer as sonde of skande gesien word nie.

Wanneer die mens, of dan eerder ons as gelowiges, soos Adam en Eva, voor God verskyn, dan besef ons ons sonde en bring dit skaamte. Daarom wil **ons vyeblare** gebruik om toe te maak. **Ons probeer om op menslike wyse te vergoed vir die sonde wat ons doen.** Ons probeer om ons skande weg te steek agter allerhande mooi verskonings en goeie verduidelikings. Die Woord van God word versag dat dit tog net nie ons te oop en bloot moet stel nie. Ek moet net nie aanstoot gee nie.

Of ons blameer – soos Adam en Eva – ander mense of omstandighede vir ons sonde – sodat ons nie so oop en bloot kaal voor God hoef te staan met ons sonde nie. Ons stoot maar eerder ander mense voor sodat ek so bietjie agter hulle kan wegkruip.

Brs en srs, jy kan nie wegkruip nie. Jy kan nie jou sonde toemaak nie! God sien en weet alles. Daar is niks wat ons vir die Here kan wegsteek nie. Hy ken elke sondige gedagte, elke sondige daad en elke sondige woord. Hoe nader ek aan God kom, hoe meer ek in die lig van sy heerlikheid en heiligheid staan, hoe duideliker word my sondenaaktheid. Ja, staan ons kaal voor die Here.

Geliefdes, dis baie sleg om so kaal voor God te staan. Ons ken die pyn van ons sonde en ons mislukkings. Ek sidder as ek dink aan die skaamte en skande wat my sal oorkom as ander mense my sonde moet ken en weet. Des te meer as ek voor my hemelse Vader met my kaal liggaam moet staan.

Maar geliefdes, om so voor God te staan is die beste plek om te wees. Want dit is **daar - voor God - waar my naaktheid bedek word.** **Dis so aangrypend** om lees dat God, nadat Hy verskriklike straf vir Adam en Eva uitdeel, tog na sy skepsels kyk en hulle jammer kry! So in hulle naaktheid en sondeskande kan hulle nie 'n menswaardige lewe lei nie. So kan hulle nie in verhouding met mekaar staan nie. So kan hulle nie beelddraers van God wees nie.

God bedek dan hulle kaal lywe met klere van dierevelle. Velklere: die simbool van God se liefde en genade! Velklere om die skaamte van sonde te bedek en jou weer menswaardig voor mense en voor God te kan laat leef. Hierdie klere kan jy net by God kry.

Hierdie velklere in Genesis 3 is die vooruitskouing, die profesie, van Christus se verlossingwerk! Dat God ons sonde aan Christus sou straf en ons so skoon was van ons sonde. Velklere is die **nuwe lewe in Christus** waar ons sonde vergewe word in ons sonder skaamte en sonde skande voor God en voor mense kan staan.

Dit is hoekom Christus heeltemal kaal aan die kruis moes hang. Het jy al so daaraan gedink? Deur daar kaal te hang moes Hy met sy naaktheid tot skande gemaak word, om so die straf op ons sondeskande te dra sodat God vir **ons genadeklere** kan aantrek. **Genadeklere** van die vergifnis van sonde en van 'n menswaardige lewe voor God en voor mekaar.

Genadeklere waarmee ons weer ware mens kan wees soos God dit aanvanklik bedoel het. Met hierdie klere kan jy weer die beeld van God in hierdie wêreld vertoon soos God dit aanvanklik meet Adam en Eva bedoel het. Met hierdie klere kan ons weer in goeie en liefdevolle verhoudinge met mekaar staan wat mekaar as beelddraers van God kan erken en kan laat dien.

Br en sr en kinders, elke mens wat bereid is om kaal voor God te gaan staan met jou sonde, dit te erken en te bely, kry hierdie klere van God. Ons berei ons hierdie week voor vir Nagmaal. Skraap jou moed bymekaar om maar kaal voor die Here te gaan staan met jou skaamte en skande! Moenie probeer om vyeblare van verskonings, blaamverskuiwing en met ander manier jousonde te bedek nie. **Gooi maar jou vyeblare weg en verruil dit vir velklere!**

Beleef dan ook die wondergenade en vreugde om deur 'n liefdevolle en genadige God geklee te word met spierwit klere, gewas in die bloed van die Lam wie se slagting ons volgende week gaan herdenk.

Met ons wit klere van vergifnis en van nuwe lewe waarin ons God wil gehoorsaam en God wil dien, **kan ons dan weer voor die Here staan en Hom in die oë kyk. Maar ons kan mekaar ook weer in die oë kyk**: want die Here leer ons om mekaar te vergewe en mekaar se sondeskande te bedek. Ons moet met dieselfde liefde waarmee die Here ons

sonde bedek, ook mekaar se sonde bedek deur mekaar te vergewe soos die Here ons vergewe.

Wanneer die apostels Johannes in Openbaring ‘n visioen kry van die nuwe hemel en die nuwe aarde: dan sien hy **ons voor die troon van God staan met spierwit klere aan**. Mense, geklee deur God om Hom vir ewig voor sy troon te dien en te eer.

Geliefdes, moenie dat die wêreld en sy denke oor God en jou menswees jou jou skaamte beroof nie. Moenie dink dat sonde nie voor God en die mense skande is nie. Nee, kom eerder na God – staan kaal voor Hom en laat Hy jou die velklere van sy genade in Christus aantrek sodat jy menswaardig voor God en jou naaste kan leef.

Amen

Sing lied oor ons sondeskande Ps 90 - 1: 4
Sing lied oor God wat ons velklere aantrek: Sb 3 - 3:1,3,6